# GRAAD 8-12 HT & EAT

# MONDELING EN STELWERK: ONDERWERPE TE KUS EN TE KEUR!

DEUR HELENA GREYLING (ROOSEVELT HIGH SCHOOL)

## Voorbereide toespraak

1. Kies **EEN** van die onderwerpe en berei 'n **TOESPRAAK** van 2-3 minute* voor.
   (**Pas die aantal minute en puntetoekenning na gelang van die graad aan.*)

2. Die volgende moet aan jou onderwyser gegee word nadat jy jou toespraak gelewer het:
   - genommerde geheuekaarte;
   - 'n geskrewe weergawe van jou toespraak;
   - bewys van die bronne wat jy tydens jou navorsing vir jou toespraak gebruik het, en
   - 'n visuele hulpmiddel.

3. GEHEUEKAARTE
   - Bevat die hoofgedagtes van jou toespraak.
   - Mag nie gelees word nie.
   - Moet almal dieselfde grootte wees.
   - Moet genommer wees.

4. GESKREWE TOESPRAAK
   - Moet jou naam en van boaan geskryf hê.
   - Moet die titel van jou toespraak bevat.
   - Moet die bronne bevat wat vir die navorsing gebruik is.
   - Moet 'n kragtige inleiding bevat.
   - Moet logies en georganiseerd geskryf word.

5. BRONNE
   - 'n Afskrif van die bronne wat vir jou toespraak gebruik is, moet ingehandig word.
   - Moet aandui uit watter webtuiste die inligting kom, wie die artikel geskryf het, waarin die inligting gepubliseer is en wanneer dit gepubliseer is.

6. VISUELE HULPMIDDEL
   - Moet netjies en georganiseerd aangebied word.
   - Kan 'n A4-grootte papier wees.
   - Kan sketse wees wat jy self geteken het.
   - Kan prentjies wees wat jy uit 'n tydskrif/koerant geknip het.
   - Kan voorwerpe wees wat jy van die huis af saambring.
   - Kan 'n goed geoefende demonstrasie wees.

7. MET DIE AANBIEDING VAN DIE TOESPRAAK:
   - Moet jou liggaamstaal wys dat jy selfvertroue het.
   - Moet jou natuurlike gebruik van geheuekaarte gewys word.
   - Moet die gepaste stemtoon gehoor en gepaste gesigsuitdrukkings gesien kan word.

**Graad 9**

1. Teenmiddels teen virusse ...
2. Afrikaans: My Taal!
3. Dít is hoe jy angs en spanning beheer
4. Allergieë ...
5. Nagmerries …
6. Voordele van lees en skryf
7. Die algemene bekommernisse van tieners!

**Graad 10**

1. Die betekenis van drome
2. Hoe om jou vrees vir wiskunde te oorkom
3. Hoe om konflik te hanteer
4. Die gevolge van beurtkrag!
5. ’n Studieprogram is belangrik vir goeie akademiese prestasie.
6. Die regte vakkeuses is belangrik vir jou toekoms!

**Graad 11**

1. As ek na my gesin/familie kyk …
2. Hoe ontwikkel jy ’n goeie selfbeeld?
3. Sport is belangrik vir balans in jou lewe!
4. My kultuur
5. My moedertaal
6. Goeie eetgewoontes vir beter akademiese prestasie!

**Graad 12**

1. Hoe om die druk in jou graad 12-skooljaar te hanteer
2. Waarom is ’n goeie ondersteuningsisteem in graad 12 belangrik?
3. Die hoogtepunt van my matriekjaar
4. Beurtkrag het ’n invloed op ons akademie
5. Drome vir die toekoms
6. Allergies vir skool!

## Transaksionele skryfstukke

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- Kennis van die vereistes van die spesifieke formaat
- Interpretasie van die opdrag
- Inhoud en idees
- Register en toon
- Taalgebruik
- Beplanning

**Graad 8**

**Uitnodiging**

Jou onderwyser wil die bekende skrywer (wat julle voorgeskrewe boek geskryf het) na die skool nooi om die boek met julle te bespreek. Ontwerp ’n uitnodiging waarin jy die skrywer vra om ’n gasspreker by jul skool se leesweek te wees.

**Plakkaat**

’n Bekende Afrikaanse skrywer gaan jul skool besoek om die boek wat jul hierdie jaar in die klas behandel het te bespreek. Ontwerp ’n plakkaat waarin jy die leerders van jou skool uitnooi om aan die bespreking deel te neem.

**Dagboekinskrywing**

Die groot dag het aangebreek waar julle die bekende Afrikaanse skrywer gaan ontmoet! Jy voel opgewonde, maar ook effe skrikkerig, want jy gaan met hom/haar voor die tyd gesels en aan die res van die skool voorstel. Skryf ’n dagboekinskrywing van die oggend VOOR die bekende skrywer se besoek aan jul skool. Skryf ook ’n dagboekinskrywing van die aand NÁ die besoek.

## Graad 10

**Toespraak**

Jy het onlangs die voorreg gehad om ’n fantastiese werkswinkel oor studiemetodes by te woon. Jy kan al klaar die verskil in jou werk agterkom! Die meeste van die leerders in jou skool kon dit egter nie bekostig nie. Skryf ’n **toespraak**, van 150-180 woorde, waarin jy die res van die leerders wenke gee om te studeer.

Dink aan aspekte soos:

- Hoe leerders hul tyd beter kan bestuur.
- Watter ruimte geskik is om te studeer.
- Waar leerders vir hulp kan vra wanneer hul met inhoud sukkel.

**E-pos**

Aan die einde van graad 9 het jy vakkeuses gemaak. Jou vriend of vriendin wat tans in graad 9 is, is onseker oor watter hy of sy moet kies vir graad 10. Skryf ’n e-posboodskap, van 150-180 woorde, waarin jy jou vriend of vriendin raad gee hoe om die regte vakkeuses te maak.

Dink aan:

- Die uitdagende aktiwiteite by die pretdag.
- Die lekker verversings wat by die pretdag verkoop is.
- Die opwindende atmosfeer tydens die pretdag.

**Formele brief**

Die kragkrisis in Suid-Afrika is besig om jou skoolwerk te affekteer. Skryf ’n formele brief van 180-200 woorde aan die Minister van Onderwys oor hoe die kragkrisis leerders se akademie beïnvloed en hoe jy dink dit aangespreek moet word.

## Graad 11

Die verhaal *Die kruppel engel*, geskryf deur Zenobia Kock, het jou geïnspireer om ’n gemeenskapsprojek te begin wat minderbevoorregte jongmense help.

**Verslag**

Skryf ’n verslag, van 150-180 woorde, waarin jy jou idees vir die gemeenskapsprojek aan jou skoolhoof verduidelik.

Dink aan:

- Wie by die gemeenskapsprojek betrokke gaan wees.
- Wat is die doel van hierdie gemeenskapsprojek.
- Waar gaan die gemeenskapsprojek plaasvind.

- Wanneer vind die gemeenskapsprojek plaas.
- Hoe jy die gemeenskapsprojek gaan bestuur.

**Formele brief**
Skryf 'n formele brief van 150-180 woorde, waarin jy die burgemeester van Johannesburg vir hulp vra met die gemeenskapsprojek.

Dink aan:
- Wat jy van die burgemeester benodig om die gemeenskapsprojek te begin.
- Waarom hierdie projek so belangrik vir jou is.

## Opstelle
Skryf 'n opstel van 250-300 woorde* oor EEN van die volgende onderwerpe.
(**Pas die aantal woorde en puntetoekenning na gelang van die graad aan.*)

Hou die volgende in gedagte:
- Dink mooi na oor jou onderwerp. Hoe sal jou storie begin en, nog belangriker, hoe sal dit eindig? Beplan eers jou einde en begin dan eers skryf.
- Moenie op die woordtelling fokus nie. Skryf tot jou storie of argumente klaar is. Tel dan die woorde. As daar te veel is, vee dan die dele uit wat nie werklik tot die storie bydra nie, soos langdradige verduidelikings of beskrywings. As daar te min is, voeg nog een argument of klagte in of brei uit oor wat jy het.
- Maak seker dat elke paragraaf met die onderwerp verband hou en dat al jou argumente gewig dra.
- Rond jou laaste paragraaaf die opstel af? Sluit dit aan by jou inleiding?

**Graad 11 & 12**
- As Suid-Afrikaanse films op hiérdie trant voortgaan, sal dit uiteindelik sy eie sterfte veroorsaak.
- My ongelooflike avontuur ...
- Ek lewe!
- Maak jou lewe uitsonderlik.
- Hou jou vriende naby, maar jou vyande nader!

